

# Atlantis

## 2.

### Atlantis

Die veel besproke Atlantis. Ek het besluit om iets te skryf oor die veelbesproke 'Atlantis', want Ha satan werk op misterieuse wyse om die uitverkore volk van YHUUH te verduister. Daar is soveel al bespiegel oor die stad (*landstreek*) wat gesink het iewers onder die see. Kort, kort vind hulle (*kamma*) iets onder die see en verbind dit aan 'Atlantis'. Daar is al sovele plekke gevind oor die aarde dat 'n man wonder watter land nou gaan wen om die landstreek op hulle drumpel te kan hê. Wat ook al sy en bespiegel hier is my bevinding:

In Gen.1 het ons Skeppers die hemel en die aarde gemaak, en daarop – volgende verse lees ons hoe ons Skeppers te werk gegaan het. Ons lees dat YHUUH klaar gemaak het in Gen.2:3 met Sy laaste skepping (*wat Adam was*). Vers 22 het Hy Eva uit Adam geskape wat ook op die sewende dag gewees het. Ons Skepper het aan ieder en elk van Sy skepsels opdragte gegee dat hulle moet voortplant behalwe aan Adam. Adam was aangestel as opperhoof en heerser oor YHUUH se skepping. Foutloos het Adam vir 100 jaar plus regeer tot Ha satan Eva seksueel aangerand het (Gen.3:6). Na die aanranding is Adam en Eva saam met Ha satan uit die tuin verban.

Deur Ha satan se daad wat hy gedoen het op aarde het hy gesien dat hy met groot krag sit en het dadelik oorgegaan tot rebellie in die hemel. Ha satan het geweet dat YHUUH nie aan Sy eie wette sal verander nie, want dit was reeds deur dié groot Raad goedgekeur (waarvan VADER aan die hoof is). Ha satan was 'n groot invloed onder die boodskappers van YHUUH en het 'n derde aan sy kant gekry om as koning te regeer in die hemel oor die aarde. Mígael en die oorblywende boodskappers het Ha satan en sy makkers uit die hemel verdrywe en hulle is neergewerp op die aarde (Luk.10:18; Jes.14; Open.12). Nou dat Ha satan en sy makkers (gevalle boodskappers) uit Eden, en uit die hemel verwerp was, was sy mussie om YHUUH se skepping van die aarde af te kry, want daardeur sou hy nog 'n oorlog wen.

Nou dat ons weet dat Ha satan en die ander gevalle boodskappers op die aarde is (Open.12; 1Pet.5:8) gaan die prentjie begin oop gaan rondom 'Atlantis'.

In die boek van Henog waar hy openbaringe ontvang het en te doen gehad het met die boodskappers wat deels uitmaak van die rebellie het hy as tussenganger vir hulle opgetree. VADER was baie ongelukkig oor die hele petalje en die gevolge loop as sulks:

Die mensdom op aarde het vermeerder, maar was baie primitief en het swaar gekry wees die oortreding wat in Eden plaas gevind het. YHUUH het gesien dat hulle struikel om te oorleef en besluit om die mens te help. Hy het boodskappers aangestel om die mens wys te maak om na hulleself om te sien. Daar was boodskappers wat die mens geleer het van die sterre stelsels, wolke, winde en alles bo die aarde.

Daar was boodskappers wat die mens geleer het van alles op die aarde soos om te plant en te oes, om te voedsel voor te berei, om te kan bou om hulleself te beskerm teen die natuur se wind, weer en diere, Daar was boodskappers wat hulle geleer het wat onder die aarde was wat hulle kon gebruik het tot hulle oorlewing op die aarde.

Met die verloop van tyd het die mens al die leringe ingeneem en slim begin raak, want hulle leermeesters was van die hemel waar YHUUH woon. Die boodskappers aan die anderkant het die mens begin aansien as hulle eiendom en wou nie net leermeesters wees nie (*maar meer as eienaars*). So het die omstandighede so verander dat hulle meer intiem met die mens wou verkeer. Hulle het die mens se vrou aangesien as mooi en het vir hulle van die vrou gevat (*nie so seer om voor te plant nie*) maar om met hulle te hoereer. Hulle het onmiddellik die mens geleer watter plant daar geëet moet word sodat hulle nie swanger moet raak nie. Die vroue het inligting ontvang hoe om hulle mooi te maak en verleidelik te wees. Met al dit wat besig was om te ontketen op aarde met die mens was daar geboortes van boodskappers kinders op aarde. In die begin was dit sekerlik wonderlik en snaaks vir beide mens en boodskapper tot en met die nuweling op aarde oorheersend begin raak. Die boodskappers het dit gesien en besef dat hulle die mens verder moet leer om hulleself nou te beskerm. Hulle het die mens geleer om allerhande wapens te vervaardig en so ook die taktiek om die wapens te gebruik.

Met al die onnodige leringe het daar allerhande gevegte en geboortes op aarde ontstaan. Die mens het nie 'n kans gestaan teenoor die boodskappers wesens nie, want hulle was intelligent en baie groot. Nou om eers daar te stop moet ons na die realiteit en gebeure op aarde in aanskouing bring.

YHUUH skep mens en dier op aarde as pare om te kan vermeerder om die aarde oor 'n onbepaalde tyd die aarde te vervul. Dus was daar in die begin baie min wat wel oor die jare daarna vermeerder het. 'n Duisend jaar of wat na Adam was daar redelik baie mense op aarde. Daar was wel 'n afsondering van die mens(Adamiete)en die ander wesens wat lyk soos die mens waarvan Ha satan en sy werkers doenig was onder hulle en so die Adamiete verly het.

Nou enige lering moet tog 'n plek hê van samekoms soos enige skool of universiteit. Die boodskappers het geweet dat hulle die mens bymekaar moes kry om die mensdom te leer hoe om te oorleef op aarde. Ja 'Atlantis' is die aangewese uitwysing waar die boodskappers van YHUUH die mens kom skool het. Atlantis was sover vooruit met tegnologie dat die mens van vandag nog steeds wonder hoe het hulle dit of dat reggekry. Atlantis was 'n hemel stad op aarde, ja dit was die spreekwoordelike hemel op aarde. Die mooiste geboue en strate. Die slimste slimmes het jy daar gekry. Hulle het niks nodig gehad nie, want hulle het mos die boodskappers by hulle. Met verloop van tyd was hulle afgesonder weg van die algemene aardelinge. Hulle was beskerm deur hulle baie hoë tegnologie en die ander hemelinge.

Die taak wat die boodskappers gehad het, het hulle op die langebaan geplaas en hulleself geniet tussen die 'mens' op aarde. Die Adamiete buite die Atlantis area het gebuk gegaan onder die boodskappers se gebroedsels. Daar was reuse wesens, daar was verbastering van mens op mens en dier op dier, dit het sover gegaan dat daar mens dier (*een deel mens en een deel dier*) wesens was. Die Adamiet was naby aan sy einde op aarde weens die geweldenaars. YHUH het die geklaag van hulle aangehoor en kom kyk wat werklik hier aangaan. YHUH sien dat Sy boodskappers gedoen het soos Hy gehoor het by die mens. YHUH vertel aan Henog wat Hy gaan doen met die boodskappers waarvan hulle dit te hore kom. Hulle gaan nie na YHUH om te verduidelik of om vergifnis te vra nie, maar gaan eerder na Henog en vra dat hy na YHUH toe moet gaan en om verskoning te vra. YHUH was baie kwaad vir al hulle dade en ook dat hulle na 'n mens gaan om hulp (Lees gerus die boek van Henog oor al hulle dade. Hier is 'n deel uit *Judas 1:12-16 Hulle is skandvlekke in julle liefdemaaltye, wat sonder vrees saam fees hou en hulleself voer, waterlose wolke deur winde rondgedrywe, bome in die nasomer, wat sonder vrugte is, twee maal gestorwe, ontworteld; :13 woeste golwe van die see wat hulle eie skandes laat opskuim, dwaalsterre vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig bewaar word. :14 En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, ons Skepper het gekom met Sy afgesonderde tien duisendtal, :15 om gerig te hou oor almal en al die bose mense onder hulle te straf oor al hulle bose werke wat hulle opsetlik boos gedoen het, en oor al die harde woorde wat die bese wetsoortreders teen Hom gespreek het. :16 Hulle is murmureerders wat oor hul lot klae, en volgens hulle begeerlikhede wandel; en hulle mond spreek trotse woorde, terwyl hulle mense vlei ter wille van voordeel).*

YHUH het toe 'n besluit geneem wat op aarde moet gebeur om normaliteit te herstel. Die eerste probleem was Sy boodskappers wat dadelik uit die hemel moet uit. Die tweede was Atlantis wat hulle op aarde geskep het as hulle tweede huis. Derdens moet die boodskappers se kinders uitgeroei word op aarde, want dit kom nie van Hom nie, en ek glo YHUH het nog baie redes gehad om die aarde tot niet te maak. Presies 1656 jaar na die aardse skepping tref YHUH Atlantis met 'n meteoriet wat die aarde op verskeie plekke laat oopbars het dat die waters onder die aarde uit geborrel het. Ja bo en behalwe die ondergrondse waters breek YHUH die water koepel wat bo oor die aarde is en stort dit ook na die aarde om dit in totaliteit te oorstrom (Gen.6:17; 7:19; Ps.24:2; 136:6; Job.38:37). YHUH het Noag in guns aangesien en hom en sy mense (agt in totaal) gespaar met al die lewende wesens (*twee van elk, een manlik en ander vroulik tot voortplanting en vermeerdering*) op die ark. Hoekom kan gevra word dat YHUH die gespaar het en hoekom die uitroeiing? Atlantis moes skielik en swaar getref word weens hulle tegnologiese vooruitgang. Hulle kon bv. ook 'n boot of iets gemaak het tot hulle bestaan, maar dit wat YHUH aan hulle gedoen het was daar geen uitkoms nie.

5.

Wat die nakomelinge (*Leviatan*) van die boodskappers aan betref, hulle was oor die aarde verspreid. Oraloor kry jy die sodanige onmenslike geboude beelde, geboue en piramiedes; nou wie het hulle gebou? Niemand anders as die boodskapper kinders nie. Dus die wat glo dat die aarde net op een plek verspoel het, het die kat aan die stert beet, want hulle was almal onder die water daarom die sodanige misterie rondom die massiewe geboude strukture van onmoontlikheid. Laastens tog die eerste was die wegvat van die boodskappers op aarde. Hulle was tot baie in staat en het gesit met onbekende kennis en kon nie soos die mens dood gemaak word nie. In 2 Pet.2:4,5. staan: *Want as VADER die engele boodskappers wat wette oortree het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; 5 en die ou wêreld nie gespaar het nie,...*

Met die waters was die ark daarop (*en die gebinde boodskappers daarin*) met YHUUH se skepping. Alles met 'n lewende siel was in die ark en wagtend dat hulle weer die geleentheid kon kry om voort te plant. Bo het ek uitgewys dat die boodskappers moes kom om die mens te kom leer om te kon oorleef op aarde, maar die keer met Noag en sy mense was dit nie nodig nie. Hoekom? omrede Noag reeds 600 jaar lank geleer was om te kon oorleef en so ook sy seuns wat elk oor die 100 jaar oud was. Noag het dadelik 'n wingerd geplant in Gen.9:20. en so het hulle eers uit die ark geleef tot en met hulle vermeerder het en buite vir hulle huise en dorpe kon gaan bou het.

Samevattend. Atlantis was daar as middelpunt van samekomste en beplanning wat die piramide en onverklaarbare geboude laat ontketen het regoor die aarde. As jy die strategiese uitleg bestudeer hoe en waar hulle die piramide ens. gebou het sal jy sien dat hulle direk met die astrologie te doen het m.a.w. hulle het geweet waar hulle vandaan kom en was hard besig om 'n plan uit te werk om 'n toegangsroete te bewerkstellig. YHUUH het gesien wat hulle besig was om te doen en dit in totaliteit te stop. Die asteroïed wat die aarde getref het, het nie net Atlantis getref tot vergaan nie, maar het die son en maan geaffekteer (*voor die vloed was daar net een seisoen, {Lente} maar na die slag het vier seisoene na vore gekom*).

Die wat twyfel in die Skrifte kyk nie genoeg rondom hulle nie. Daar is tonne opgrawings wat gebeurde bevestig dat die Skrif wel waar is. Wat onthou moet word is dat die Skrif dié Geskiedenis boek is van die uitverkore volk van YHUUH. YHUUH het niks met die Jode of ander volke op aarde te doen gehad bo en behalwe Abraham, Isak en Jakob nie.

Die demone wat so maklik op alle mans tog lê is gevalle boodskappers se kinders. Demone in 'n ander lig gesien is hulle die sodanige (Alien) vreemde groot oog mannetjies.

Ns. Indien jy gepla word deur die vreemde grootoog mannetjies, demone of spoke roep net na YAHUSHA en hulle slaan op die vlug.